# VOORBIDDING:

**Geroep Gewillig Gestuur**



**Wêreld**: Tsjeggië, Pole, Slowakye en die Balkanstate: Albanië, Bosnië en Herzegowina, Kroasië, Kosovo, Montenegro, Noord-Masedonië, Serwië en Slowenië. Slagoffers van terreur en geweld regoor die wêreld. Die Midde-Oosterse onstabiliteit, die uitkringeffek daarvan op die res van die wêreld en die slagoffers weens aanvalle en teenaanvalle. Die beëindiging van die oorlog in Oekraïne en die slagoffers van beide Rusland en Oekraïne. Willem en Alla van der Colff en die werk wat hulle in Oekraïne doen. Oplossings, planne en samewerking om aardverwarming se pas te vertraag en moontlik om te keer, asook om plastiekbesoedeling te verminder. Slagoffers van natuurrampe regoor die wêreld.
**RSA & Dorp**: Regering en regerende instansies—kabinet, provinsiale regering, stadsraad en munisipaliteit. Al die uitdagings waarmee ons land sukkel in basiese onderwys sowel as verdere opleiding. Oplossings vir die hoë misdaadsyfers, veral misdade teen onskuldige kinders en kwesbares. Bendegeweld, taxigeweld en slagoffers en gevolge daarvan in gemeenskappe. Hoop vir mense in gemeenskappe wat onder erge droogte gebuk gaan. Oplossings vir ons land se energiekrisis asook water– en sanitasie uitdagings. Politieke stabiliteit in ons land en wysheid en samewerking in die regering van eenheid. Veiligheid vir die brandspanne in die Wes-Kaap. Werkbare oplossings en samewerking om die bek-en-klouseer ramp af te weer.
**Gemeente & Kerk:** Lidmate wat treur, siek en verswak is en diegene onder behandeling en aan die herstel. Dankbaarheid vir God se sorg. Gehoorsaamheid aan ons missie: Geroep, Gewillig, Gestuur. 'n Geseënde 2026 vir ons lidmate en hul geliefdes.
**'n Woord van meegevoel:** Meegevoel met Hildegard Hanekom (De Kelder) wie se pa oorlede is. Meegevoel ook met Pieter en hul kinders. Ons dink aan julle in hierdie hartseer tyd.
**Baie geluk aan die volgende lidmate wat op Sondae in die vakansie verjaar**: Sondag 29 Maart: Zené Els (Abeliastraat) en Chris Theron (Baxstraat). Sondag 5 April: Dirkie van Niekerk (Woltemadestraat).

## Lesotho-uitreik 2026

Ons beplan weer hierdie jaar 'n uitreik na Lesotho. Die datums is 24 September tot 3 Oktober. Alle lidmate, oud en jonk, is welkom om saam te kom. Hoërskoolkinders kan sonder hul ouers reis, maar laerskoolkinders moet asb vergesel wees van een of beide ouers. Kry ook solank alle paspoorte in orde! Indien jy/julle wil saamkom, kontak vir Braam Horn (071 608 4398 / braam.horn@mediclinic.com).



**Ons Jaartema vir 2026 is: SORG**
(geneem uit Johannes 15:1, 5 & 9)
"Ek is die egte druiwestok en my Vader is die landbouer... Wie in My bly en Ek in hom, hy dra baie vrug, want sonder My kan julle niks doen nie... Net soos die Vader My liefhet, het Ek julle ook lief. Bly dan in my liefde."

Gesinne wat 'n hulpmiddel soek om tuis saam te lees, gesels, doen en bid, kan 'n **Huisgeloofblad** van ons webwerf (stelwel.co.za) aflaai of kry die skakel in ons E-Nuus. Die DinkJeug-webwerf (dinkjeug.co.za) het verskeie handige hulpmiddels om ouers te help in die geloofsvorming van hul kinders.

**Ons is 'n groen gemeente wat herwin!** In die vierkant by die houers, waar ons papier en glas herwin vir Huis Horison, is daar houers vir elektroniese en elektriese toerusting, asook vir energie-besparende gloeilampe, batterye en ou selfone.

Weekblad van Stellenbosch-Welgelegen Gemeente

# WELWEEK

Christus is die Here!
Daarom wil ons mekaar in verhoudinge opbou
Om so sy groot opdrag uit te leef.

## Palmsondag
### Sondag 29 Maart 2026

| | |
|---|---|
| Erediens | 09:30 |
| Tema | Wie is hierdie man? |
| Skriflesing | Matteus 21:1-11 |
| Prediker | Nadia Marais |



*Triumphant Entry into Jerusalem* deur He Qi

## Paasnaweek
### Vrydag 3 April 2026




| | |
|---|---|
| Erediens & Nagmaal | 09:30 |
| Tema | Vriend of vyand? |
| Skriflesing | Matteus 27 |
| Prediker | Danie Goosen |

### Sondag 5 April 2026

| | |
|---|---|
| Erediens | 09:30 |
| Tema | Om te leef in/uit die donker... |
| Skriflesing | Matteus 28 |
| Prediker | Danie Goosen |
| Koinonia Kafee | 10:30 - kuier verder saam met tee, koffie en paasbolletjies in die vierkant. |






## Dit was 'n laaaaaang kwartaal!

*Geniet die rustiger pas tydens die Maartvakansie! Mag jy genoeg tyd kry om jou batterye te herlaai, tyd saam met geliefdes te spandeer en die mooi rondom jou raak te sien én te waardeer!*

## PROGRAM VIR DIE VOLGENDE 2 WEKE Maandag 30/03 tot Sondag 12/04

| | | |
|---|---|---|
| Ma 30/03 | | **Groot Lydensweek** |
| Di 31/03 | | **Groot Lydensweek** |
| Wo 01/04 | 15:00 - 18:30 | **Groot Lydensweek**<br>**Bloedskenkkliniek:** in die kerksaal |
| Do 02/04 | | **Groot Lydensweek** |
| Vr 03/04 | 09:30 | **Goeie Vrydag**<br>**Erediens & Nagmaal:** Danie Goosen |
| Sa 04/04 | | **Stil Saterdag** |
| So 05/04 | 09:30<br>10:30 | **Paassondag**<br>**Erediens:** Danie Goosen<br>**Koinonia Kafee:** Vier Paasfees saam in die vierkant met paasbolletjies, koffie en tee. |
| Ma 06/04 | | **Gesinsdag** |
| Di 07/04 | | **US-klasse begin** |
| Wo 08/04 | 09:30 - 10:30 | **Skole open**<br>**Geloofsgroei Byeenkoms in die konsistorie.** Almal is welkom! Danie Goosen is die aanbieder. |
| So 12/04 | 09:30<br>10:30<br>10:30<br><br>18:00 - 19:00<br>18:00 | **Paastyd (Biddag vir Gesondheidsdienste)**<br>**Erediens & Junior Kategese:** Elzanne van der Westhuizen<br>**Samevatting vir Junior Kategese:** in die kerksaal<br>**Kerkbiblioteek en Koinonia Kafee:** neem boeke uit en kuier verder saam met koffie en tee in die vierkant<br>**Tieners & Belydenisgroep:** in die leeskamer<br>**Diens by Bonheur**: Danie Goosen |

**Die deuroffer op Sondag 29 Maart gaan aan die Paarlskool in Brackenfell:** Die skool beskik oor die dienste van 'n groot personeelkorps. Afgesien van die onderwyspersoneel, beskik die skool ook oor 'n multi-dissiplinêre span van fisio-, arbeids-, en spraakterapeute, sielkundiges, 'n maatskaplike werker, 'n verpleegkundige en leerondersteuners wat, naas die behandeling van leerders, ook as 'n evaluasiekliniek funksioneer. Vir meer inligting, gaan na hul webtuiste: https://www.paarlskool.org.za




**Die deuroffer op Sondag 5 April gaan aan die ACVV:** Die ACVV bied maatskaplike dienste en bemagtigingsondersteuning aan talle mense wat in nood is: kinders, bejaardes, gestremdes, individue en gesinne. Die ACVV bedryf 'n winkel vir tweedehandse klere en produkte vir aanvulling van fondse. Die ACVV se nommer is 021 883 3015.

ALTA DU TOIT

Die deuroffer op Sondag 22 Maart aan Alta du Toit Nasorg was R2 497.

***BAIE DANKIE!!***

Die deuroffer op Sondag 12 April gaan aan die Stellenbosch Voedingsaksie

**Betaal met SNAPSCAN** (onthou om 'n verwysing in te tik.)

## 'n Skuif wat 'n verskil maak



Skaak is soveel meer as net 'n spel - dit is 'n kragtige hulpmiddel wat kinders help om te groei in selfvertroue, konsentrasie en probleemoplossing. Deur die Skole Skaakprojek by Weber Gedenk Primêr, Laerskool Rietenbosch en Laerskool Devonvallei, kry minder bevoorregte kinders toegang tot vaardighede soos konsentrasie, strategiese denke en deursettingsvermoë. Ons nooi jou uit om deel te word van hierdie betekenisvolle inisiatief deur jou tyd, hulpbronne of finansiële ondersteuning. Elke bydrae maak 'n verskil en help om 'n kind se toekoms positief te beïnvloed. Raak betrokke en maak 'n skuif wat saakmaak! Vir meer inligting kontak Annette Delport (084 506 5066/info@montvue.co.za).



## Stap saam en geniet die mooie Stellenbosch

Jy word vriendelik uitgenooi om op 'n Dinsdagoggend deel te word van 'n gesellige stapgroep. Teen 'n gemaklike pas en met goeie geselskap is dit 'n heerlike geleentheid om vir ongeveer 'n uur vars lug te geniet, nuwe vriende te maak en sommer net ons mooi omgewing en dorp te geniet. Die eerste stappie begin op Dinsdag 7 April om 08:30 op die kerk se parkeerterrein. Vir meer inligting, kontak vir Rina van den Heever by 082 564 5095 of rinavdheever1@gmail.com.

Ondersteun gerus ons Lentefees-tafel gedurende kantoorure. Heerlike boerewors, kaaswors, sosatiewors en beefpatties is te koop, asook droëvrugte, rosyntjies, kerriebone en appelkooskonfyt!



Die Weskaapse Bloeddiens hou weer 'n bloedskenkkliniek in ons kerksaal. As jy gesond is, braaf genoeg is vir die naaldprik en hou van 'n pasella koekie of twee, is dit die plek om te wees! **Datum**: 1 April 2026 **Tyd**: 15:00 tot 18:30 **Plek**: kerksaal

**Bankbesonderhede**
Stellenbosch-Welgelegen NG Kerk (Nedbank)
Takno: 149821/198765 Rekno: 149 8046 320

**NG Gemeente Stellenbosch-Welgelegen**
Telefoon: 021 886 5975
E-pos: skriba@stelwel.co.za



## Maart se Barmhartigheidsaksie-tema fokus op: **mense met gestremdhede en spesiale behoeftes.**

Daarom samel ons gedurende Maart toiletware, beddegoed, handdoeke en grootmensdoeke in vir Huis Horison. *Die deuroffers sluit aan by die tema en gaan aan Jan Kriel Instituut, Huis Horison, Innovation for the Blind, Alta du Toit Nasorg en die Paarlskool.*



## April se Barmhartigheidsaksie-tema fokus op: **werklose mense.**

Daarom samel ons gedurende April klere, reënklere, komberse, sambrele en voedsel in wat ons vir die ACVV, Stellenbosch Voedingsaksie, Stellenbosch Nagskuiling en Stellemploy wil skenk. *Die deuroffers sluit aan by die tema en gaan aan die ACVV, Stellenbosch Voedingsaksie, Stellenbosch Nagskuiling en Stellemploy.*



